

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

26 September 2009

Die vraag wat ek seker deesdae die meeste kry is wat doen 'n mens met die groot rooi sade aan die einde van die gewese blomstele van clivias. Nou Clivias of boslelies soos ons dit in Afrikaans ken is eintlik baie maklik om te groei - net stadig.

Sodra die blomme geval het vorm hierdie ovaalvormige rooi vrug. Sodra die vrug goed geswel het, kan 'n mens dit pluk. Breek dan die skilletjie van die vrug en haal die sade uit. Jy kan van een tot 8 sade per vrug kry. Die sade is ongeveer helfte die grootte van 'n albaster. Hierdie sade moet dan egalig op 'n stuk karton of koerantpapier versprei word en in die skaduwee gelos word om effens droog te word. Na ongeveer twee weke is die sade reg om te plant. Berei jou saadbakke voor met 'n grondmengsel wat baie goed dreineer – die sade hou nie daarvan om te nat te wees nie. Spasieer die sade dan eweredig in die saadbak en druk dit so driekwart in die grond weg. Onthou jy moet nog die bokant van die saad kan sien uitsteek. Plaas die saadbakke erens in 'n ligte skadu area. Dit moet glad nie son kry nie. Gooi dit elke tweede of derde dag nat. En nou kom die geduld ongeveer ses weke tot twee maande gaan jou wortel aan die een kant groei en jou blare aan die ander.

19 September 2009

1. Dis baie winderig oor die land en een van die goed wat 'n mens vergeet is hoe om nat te maak in sulke winderige tye. Dis maklik om net die besproeiing an te skakel of 'n spreiers orals neer te sit en die krane oop te draai maar jy kry nie altyd die gewenste resultate nie. Gebruik nou eerder 'n sproeier wat groter druppels afgee en 'n lae projeksie het en die water wel te kry waar jy dit graag wil hê.

2. Vir die Dahlia liefhebbers – Dahlia bolle is nou beskikbaar. Onthou Dahlias word nou in die lente geplant voor die grondtemperature te warm is en blom vanaf laat somer tot vroeg winter. Nou vra mense altyd wat is die vereistes vir die kweek van suksesvolle Dahlia bolle. Onthou as jy die bol in die pakkie koop lyk dit mos soos 'n spinnekop met dik bene. Maak seker dat die bolle nie uitgedroog is as dit gekoop word nie maar die bolle moet ferm wees. Jy moet nooit die bene van die lyf split en hoop jy gaan meer plante kry nie. Al die voedingswaardes van die bolle sit in die bene en voer dit deur na die groeipunt toe. Dahlias moet in goed gedreineerde grond geplant word wat met kompos en beenmeel omgewerk is. 'n Volson is gewoonlik die beste posisie maar die plante verkies skadu op die warmste tyd van die dag. Dahlia bolle moet liefs nie dieper as 5-7cm in totaal geplant word nie en die groeipunt van die bol net onder grondvlak. Dit vat so ongeveer twee maande vir die bolle om op te kom. Stut asb die blomme van die die langer varieteite. As jy 'n bol voeding wil gebruik om die plante 'n hupstoot te gee sal ek aanraai om dit oor 4 weke toe te dien omdat die plant dan eers genoeg wortels gevorm het om dit op te neem.

12 September 2009

Dis so 'n lekker tyd van die jaar met alleswat nou weer begin blom. Die plante wat nou soveel geur gee is die jasmyne, verwelkblomme en ook die katjiepierings.

Daar is so baie om oor te gesels.

Clivias – Dit is nou Clivia blomtyd en ons het ook ons clivia skou hierdie naweek, dis nou vandag en more. Daar is ongever 3000 plante op skou en vir verkoop, en hulle bring nog in. As 'n mens so tussen die clivias rondloop is dit so lekker om te sien hoe straal die passie en liefde vir clivias deur in hulle plante. Dit is 'n wonderlike atmosfeer om in te wees.

Met die beoordeeling gisteraand vra ek toe vir van die groeiers, wat se sort probleme is die mees algemeenste wat hulle vind wat altyd opkom. Die eerste is natuurlik die posisie – Clivias wil glad nie in die son staan nie. As jou plante se blare op die blad gebrand is, is dit tien teen een van te veel son. Die ander ding is as die punte van die blare so begin terugvrek. Dit kan wees van 'n fungus soos 'n wortelvrot of selfs net die koue wat nou deur is. As jou blare bruin spikkels op het is dit een van twee dinge, 'n roes of 'n tekort aan stikstof. Dit is so lekker as die kenners op hulle gebied al daai kennis en ondervinding met jou deel. Natuurlik as jy meer wil weet, kom gerus en gesels met die groeiers hiedie naweek.

Die ander ding waaroor ek wil gesels is die saailing plant van die maand – Begonias. Begonias moet nou geplant word en sal vir jou eindelose kleur gee gedurende al die w armer maande van die jaar. Hulle is ook baie bekend daarvoor dat hulle verskriklik maklik groei en ongelooflik maklik blom. Dit is die plant wat ons op die oomblik aanraai om te plant in die plek van Impatiens. Hulle verkies goeie skaduwee, maar groei ook goed in semi – son of halfdag son. Dit is ook een van die beste plante vir kleur in potte.

5 September 2009

Die lente is in die lug en die dae word warmer. Soveel plante stoot nou weer kop uit na die winter

Onthou die eerste sade wat ontkiem in oop beddings is gewoonlik onkruid sade.

Rose kry al klaar plantluise en dis nou die regte tyd om dit met Complete te behandel. Complete word in 'n gieter aangemaak en om die basis van die plant gegooi. Dit sal dan die rose skoon hou van plantluise vir ten minste 4 – 6 maande.

As jy jou grasperk met 'n bolaag behandel het moet jy seker maak dat jy dit elke dag vir so 20 minute in die vroeg oggend of laat middag natgooi. As jy dit nie doen nie gaan die grond 'n kors op die gras vorm en die gras nie mooi deurkom nie. Die eerste onkruide is ook nou al sigbaar op die gras en dis nou die regte tyd om jou grasperk met 'n breeblaar onkruiddoder te behandel. Dis iets wat jy op jou grasperk kan spuit sonder om die gras self dood te maak.

Ek sien in die nuwe tuinier tydskrif is daar ook 'n lekker tuin dag op die 18de September wat jy en Reg Botha in Pretoria aanbied.

Reg stel 'n nuwe boek vry, dan gaan julle ook focus op indringer plante, kruie praatjie, saailinge, orgidee, besproeiing en nog vele meer. Vir die ouens wat wil bespreek dink ek dit sal die maklikste wees om in jou nuwe Tuinier tydskrif te kyk.

Volgende week gesels ek met julle oor clivias want dit is ons clivia skou naweek.

tuis&home

EFEKTO For Life